

'n Kroontjie vir die trouprinses

Silwerdraad en hekelduifies maak 'n hooftooisel wat die duurste, elegantste trourok tot sy reg sal laat kom



BENODIGDHEDE: 1 bol Coats Chain Mercer-hekelgare Nr. 20 (20 g); hekelpen van 1,25 mm; 1 tolletjie lurex; stuk hoedendraad om onderste rand te verstewig; sluier.

SPANNING: 3 herhalings van patroon is ongeveer 8 cm.

MATE: Omtrek ongeveer 43 cm, maar kan gewysig word.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; gs - glipsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; vlg - volgende; driesl - drieslagsteek; ls(e) - lus(lusse); herh - herhaal; sp(s) - spatie(spasies); gs - glipsteek wat eerste en laaste steek verbind.

AANWYSINGS: Gebruik hekelgare en lurex tesame. Begin met 192 ks, wees versigtig om die verbinding nie te verdraai nie.

1e rondte: 3 ks, 1 lb in elke ks, sluit-gs.

2e rondte: 1 kb in dieselfde st as gs, 1 kb in elke lb, sluit-gs.

3e rondte: 2 ks, 1 lb in elk van vlg 2 kb, * (hou laaste ls van vlg 2 lb op hekelpen) hekel 1 lb in elk van vlg 2 kb, goh en trek deur alle lse op pen ('n saamafgewerkte lb gemaak), 9 ks, slaan 3 kb oor, 1 kb in vlg kb, 9 ks, slaan 3 kb oor, 'n saamafgewerkte lb oor vlg 2 kb, 1 lb in vlg kb, herh van *, maar laat (9 ks, saamafgewerkte lb en 1 lb) aan einde van laaste herh weg; 4 ks, 1 driesl in 1e lb.

4e rondte: 3 ks, 6 lb in ls pas gemaak, * in vlg lb hekel 1 kb, 5 ks en 1 kb, 7 lb in vlg ls (duifie voltooi), 5 ks, 7 lb in vlg ls, slaan vlg saamafgewerkte lb oor; herh van *, maar laat 5 ks en 7 lb aan einde van laaste herh weg, 1 driesl in 3e van 3 ks.

5e rondte: 5 kb in pas gemaakte sp, * 7 ks, slaan vlg duif oor, 5 kb in vlg sp; herh van *, maar laat 5 kb aan einde van laaste herh weg, sluit-gs.

6e rondte: 2 ks, 1 lb in elk van vlg 2 kb, * 'n saamafgewerkte lb oor vlg 2 kb, 9 ks, slaan 3 ks oor, 1 kb in vlg ks, 9 ks, slaan 3 ks oor, 'n saamafgewerkte lb oor vlg 2 kb, 1 lb in vlg kb; herh van *, maar laat (9 ks, 'n saamafgewerkte lb en 1 lb) aan einde van laaste herh weg, 4 ks, 1 driesl in 1e lb.

Herh 4e tot 6e ry nog een keer.

10e ry: 3 ks, 6 lb in pas gemaakte ls, * hekel 1 kb, 5 ks, 1 kb in vlg lb, 7 lb in vlg ls, 5 ks, 1 gs in 4e ks vanaf pen, 2 ks, 7 lb in vlg ls, slaan vlg saamafgewerkte lb oor; herh van * maar laat 7 lb aan einde van laaste herh weg, sluit-gs. Heg af.

Maak klam en speld uit volgens mate, trek die 5-ks-ls op middelpunt van elke duif vorentoe om die kop te vorm.

Werk hoedendraad aan verkeerde kant van onderste rand vas.

Werk sluier aan agterkant van onderste rand vas.